

# PIENK EN MOLLIG



## BENODIGDHEDE

4 bolle Pingouin-hekelgare Nr. 5 (50-g-bolle); 2½- en 2¼-mm-breipenne; lint vir hals en kousies.

## SPANNING

32 ste en 48 rye vir 10 cm met 2½-mm-penne oor reksteek.

## GROOTTE

Borsmaat 61 cm, lengte vanaf skouer 34 cm. Kousies: lengte van voet 9 cm.

## AFKORTINGS

r — brei regs; aw — brei aweregs; st(e) — steek (steke); beg — begin; herh — herhaal; ks — koussteek; vermeer — vermeerder; vermin — verminder; ms — mossteek; tes — tesame; gl 1 — glip een steek; tgso — trek glipsteek oor; alt — alternatiewe; vlge — volgende; m 1 — maak een steek; oorbl — oorblywende; pat — patroon; VK — verkeerde kant; RK — regte kant.

## LET WEL

Voor- en agterpant van rokkie word eenders gebrei, maar rand word omgekeerd gebrei. Beg met 17 ste in kant-pat in plaas van r 1, ms 15, r 3.

## ROKKIE

### VOORPANT

Met 2½-mm-penne, stel 145 ste op en werk 9 rye in ms, beg en eindig elke ry met r 2.

**10e Ry:** r 1, \* ms 15, r 3, (m 1, gl 1, r 1, tgso) 2 keer, m 1, gl 1, r 2 tes, tgso, (m 1, r 2 tes) 2 keer, m 1, r 3, herh van \* tot 16 ste oorbl, ms 15, r 1.

**11e en alt Rye:** r 1, \* ms 15, aw 17, herh van \* tot 16 ste oorbl, ms 15, r 1.

**12e Ry:** r 1, \* ms 15, r 1, (r 2 tes, m 1) 3 keer, r 3, (m 1, gl 1, r 1, tgso) 3 keer, r 1, herh van \* tot 16 ste oorbl, ms 15, r 1.

**14e Ry:** r 1, \* ms 15, (r 2 tes, m 1) 3 keer, r 5, (m 1, gl 1, r 1, tgso) 3 keer, herh van \* tot 16 ste oorbl, ms 15, r 1.

**16e Ry:** r 1, \* ms 15, r 2, (m 1, gl 1, r 1, tgso) 3 keer, r 1, (r 2 tes, m 1) 3 keer, r 2, herh van \* tot 16 ste oorbl, ms 15, r 1.

**17e Ry:** herh 11e ry.

Die ms- en kant-pat-rand is nou voltooi. Brei nou voort in kant-pat soos volg:

**1e Ry:** r 3, \*(m 1, gl 1, r 1, tgso) 2 keer, m 1, gl 1, r 2 tes, tgso, (m 1, r 2 tes) 2 keer, m 1, r 5, herh van \*, eindig met r 3.

**2e en alt Rye:** aw.

**3e Ry:** r 1, \*(r 2 tes, m 1) 3 keer, r 3, (m 1, gl 1, r 1, tgso) 3 keer, r 1, herh van \* tot einde van ry.

**5e Ry:** r 2 tes, \*(m 1, r 2 tes) 2 keer, m 1, r 5, (m 1, gl 1, r 1, tgso) 2 keer, m 1, gl 1, r 2 tes, tgso, herh van \*, eindig met m 1, gl 1, r 1, tgso.

**7e Ry:** r 2, \*(m 1, gl 1, r 1, tgso) 3 keer, r 1, (r 2 tes, m 1) 3 keer, r 3, herh van \*, eindig ry met r 2.

**8e Ry:** aw.

Herh hierdie 8 rye kant-pat tot werk 23 cm lank is vanaf beg. Eindig met 'n 8e ry.

### Mousgatfatsoenering

**1e Ry:** heg 3 ste af, r 3, m 1, gl 1, r 2 tes, tgso, (m 1, r 2 tes) 2 keer, m 1, r 5, werk nou soos 1e pat-ry vanaf \* tot einde van ry.

**2e Ry:** heg 3 ste af, aw tot einde van ry.

**3e Ry:** (r 2 tes) 2 keer, m 1, r 3, (m 1, gl 1, r 1, tgso) 3 keer, r 1, werk soos 3e ry van pat tot 13 ste oorbl, (r 2 tes, m 1) 3 keer, m 1, gl 1, r 1, tgso, r 2 tes.

**4e Ry:** aw 2 tes, aw tot by laaste 2 ste, aw 2 tes.

**5e Ry:** r 2 tes, r 4, (m 1, gl 1, r 1, tgso) 2 keer, m

1, gl 1, r 2 tes, tgso, werk soos 5e pat-ry tot 10 ste oorbl, (m 1, r 2 tes) 2 keer, m 1, r 4, r 2 tes.

**6e Ry:** soos 4e ry.

**7e Ry:** r 2 tes, (r 2 tes, m 1) 3 keer, r 3, werk soos 7e pat-ry tot 8 ste oorbl, (m 1, gl 1, r 1, tgso) 3 keer, r 2 tes.

**8e Ry:** aw.

Die mousgatfatsoenering is nou voltooi. Werk soos volg in volledige kant-pat.

**1e Ry:** soos 5e ry.

**2e en alt Rye:** aw.

**3e Ry:** soos 7e pat-ry.

**5e Ry:** soos 1e pat-ry.

**7e Ry:** soos 3e pat-ry.

**9e Ry:** soos 5e pat-ry.

**10e Ry:** aw.

## SKOUERSTUK

Slaan oor na 2¼-mm-penne.

**1e Ry:** r 8, r 2 tes tot 9 ste oorbl (73 ste).

**2e Ry:** aw, stel 16 ste op aan beg van ry, brei 9 rye ms en stel 16 ste op aan beg van 1e ms-ry (105 ste).

**13e Ry:** (VK na voor) aw 4, \* aw 2 tes, aw 3, herh van \*, eindig met aw 4 (85 ste).

Werk nou in volledige kant-pat vir 10 rye met 2 ekstra ste weerskante van werk in rs.

**24e Ry:** r 4, \* r 2 tes, r 3, herh van \*, eindig met r 4, werk 8 rye in ms.

**32e Ry:** aw 4, \* aw 2 tes, aw 3, herh van \* eindig met aw 4.

**33e Ry:** r 2, \* m 1, r 1, r 2 tes, herh van \* tot einde (gaatjies vir lint gevorm).

**34e Ry:** aw. Heg af.

Brei agterpant met rand omgekeerd.

## MOUE (eenders)

Met 2¼-mm-penne stel 49 ste op en brei 6 rye ms.

**7e Ry:** r 16, vermeer deur 2 keer in elk van vlge 16 ste te brei, r 17 (65 ste).

**8e Ry:** aw.

Brei 8 rye in volledige kant-pat 2 keer.

## Moukopfatsoenering

Soos 1e 8 rye op mousgat van rokkie. Werk nog 2 rye sonder vermin.

Heg af soos volg: heg 10 ste af, heg nou af maar brei 2 ste tes tot 10 ste oorbl. Heg af.

## KOUSIES

Met 2¼-mm-penne stel 33 ste op en brei 4 rye ms.

Brei volledige kant-pat vir 16 rye (2 volledige pat).

Brei 1e ry van pat.

**Vlge Ry:** aw, vermeer 1 st weerskante van ry (35 ste).

Maak gaatjies vir lint: r 1, \* m 1, r 1, r 2 tes, herh van \* tot by laaste st, r 1.

**Vlge Ry:** aw, vermeer in laaste st (36 ste).

**Vlge Ry:** r 25, draai, ms 14, draai.

ms 28 rye oor 14 ste vir wreef. Breek garing af.

Herlas garing aan 11 ste op regterpen. Tel op en r 14 ste aan regterkant van wreef, r oor 14 ms-ste, tel op en r 14 ste af teen linkerkant van wreef, r oorbl 11 ste (64 ste). aw oor al die ste. Brei ks vir 8 rye.

### Toonfatsoenering

**1e Ry:** r 25, r 2 tes, r 10, r 2 tes, r 25.

**2e Ry:** aw 25, aw 2 tes, aw 8, aw 2 tes, aw 25.

**3e Ry:** r 25, r 2 tes, r 6, r 2 tes, r 25.

**4e Ry:** aw 25, aw 2 tes, aw 4, aw 2 tes, aw 25.

Heg af.

## AFWERKING

**Rokkie:** Werk sy- en skouernate toe. Werk mounate toe en werk moue in. Ryg lint deur gaatjies om hals.

**Kousies:** Werk sool- en haknaat toe. Ryg lint deur gaatjies om enkel.